Navrae
Enquiries
IMibuzo — ME D SWART

Telefoon
Telephone
IFoni — (021) 467-2000

Faks
Fax
IFeksi — (021) 467-2996

Verwysing
Reference
ISalathiso — 1/1/4/R
20020627-0012

Wes-Kaap Onderwysdepartement

Western Cape Education Department

ISebe leMfundo leNtshona Koloni

OMSENDBRIEF: 0063/2002
VERVALDATUM: GEEN
AAN: HOOFDIREKTEURE, DIREKTEURE (HOOFKANTOOR EN OBOS'e), SENIOR KRINGBESTUURDERS, KRINGBESTUURDERS EN HOOFDE VAN ONDERWYSINRIGTINGS

*KORT OPSOMMING: Die Munisipaliteit van die Stad Kaapstad het 'n verordening uitgereik INSAKE BUITEREKLAME EN ADVERTENSIETEKENS.*

**ONDERWERP: GEBRUIK VAN GROND EN GEBOUE VIR BUITEREKLAME EN ADVERTENSIETEKENS**

1. U aandag word gevestig op die Munisipaliteit van die Stad Kaapstad se verordening in bogemelde verband soos uitgevaardig in Buitengewone Provinsiale Koerant 5801, gedateer 5 Desember 2001. Die verordening is slegs van toepassing op daardie onderwysinrigtings wat resorteer in die regsgebied van die Munisipaliteit van die Stad Kaapstad.

2. Die verordening vereis dat buitereklame die integriteit van enige terrein waarop dit vertoon word, respekteer, en die karakter van die plek waar dit vertoon word, aanvul. Buitereklame en advertensietekens moet daarbenewens nie die funksionering en veiligheid van verkeer in gevaar stel nie en ook nie die karakter van die omgewing weens die voorkoms, grootte of verligting van die teken, nadelig beïnvloed nie.

3. Hierdie verordening sit ook die prosedures uiteen wat gevolg moet word om aansoek te doen by die Munisipaliteit van die Stad Kaapstad, en die kriteria wat gebruik sal word wanneer 'n aansoek oorweeg word.

4. Die bogemelde Buitengewone Provinsiale Koerant is verkrygbaar van die Provinsiale Wetgewer.

   Adres: Provinsiale Wetgewer: Wes-Kaap
   Provinsiale Koerant
   Posbus 659
   KAAPSTAD
   8000

   Telefoonnommer: (021) 483-4644/483-3549

5. Dit is die verantwoordelikheid van elke hoof/prinsipaal van 'n inrigting om uitvoering te gee aan die bepalings van bogemelde verordening.

6. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van voorsitters van beheerliggame en alle ander belanghebbendes.

7. U samewerking word waardeer

WND. HOOF: ONDERWYS
DATUM: